# Les 10 JESUS CHRISTUS MAAK DIE DAWIDSBELOFTE VIR HOMSELF WAAR SODAT HY VIR ONS DIE ABRAHAMSBELOFTE KAN WAARMAAK

## 1. God het die beloftes aan Jesus Christus gegee – Hy werk daarmee

Kom ons lees twee verse oor die beloftes van die verbond saam uit Galasiërs 3:

Gal. 3:16: "*God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge nie", meer as een nie, maar: "nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus."*

Gal. 3:20: *"Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een."*

Kyk na vers 16!

Hier word beloftes aan Jesus Christus gegee. Watter beloftes is dit? Dit is die beloftes aan Abraham en die beloftes aan sy nakomeling. Hierdie nakomeling is die seun van Dawid. Die beloftes van die nakomeling is die Dawidsbeloftes. Die beloftes is dus die Abrahams- én die Dawidsbeloftes.

| Al twee stelle beloftes word nou net aan een persoon gegee: aan Jesus Christus. |
|---|

Kom ons kyk nou na vers 20!

In vers 20 word weer beklemtoon dat die beloftes net aan een persoon gegee is: Jesus Christus, maar nou word daar van Jesus nie meer as die seun van Dawid gepraat nie.

Kyk weer 'n keer na die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7 vers 14! Jesus is God se eie seun: dit beteken Hy is self God. Daarom gee God nie die beloftes vir iemand anders as vir Homself nie. Daar is nie tussengangers tussen ons en God nie. As God vir ons iets doen of sê, dan doen Hy dit self.

Wat doen Jesus met die Dawidsbeloftes en die Abrahamsbeloftes wat die Vader vir Hom gee?

Hy handel daarmee.

"Handel daarmee" beteken Hy werk daarmee. Jesus ontvang al twee beloftes van die Vader en Hy werk met al twee die beloftes.

## 2. Jesus maak die Dawids- en Abrahamsbeloftes waar

Kom ons lees 2 Kor. 1 verse 18 tot 22:

*"So seker as wat God getrou is, ons woord aan julle was nie tegelyk "ja" en "nee" nie,* 19
*want Jesus Christus die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle*

*verkondig het, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, [20] die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê. [21] God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang."*

Paulus sê watse werk Jesus doen met die beloftes van die Here.

Hy sê Jesus is die "ja" op al die beloftes van God.

Dit is nie ons wat moet "ja" sê op die beloftes van God nie. Jesus is die "ja". Al wat ons sê, is "Amen". Daar is ŉ verskriklike groot verskil tussen om "ja" te sê, en "Amen" te sê.

Om ŉ belofte van ŉ "nee" na ŉ "ja" te verander, beteken dat Jesus maak dat die beloftes wat nie tel en werk nie, beloftes word wat werk en tel.

Jesus maak al die beloftes van God waar.

"Al die beloftes" beteken al die Dawids- en die Abrahamsbeloftes. God het al hierdie beloftes aan net een persoon gegee: Jesus Christus. Hy maak hulle almal werk en tel. Dit is die werk wat Jesus vir ons kom doen: Hy kom om al die beloftes waar te maak. Romeine 15: *"[8] Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode ŉ dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak."*

**3. <u>Jesus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar</u>**

Die wyse waarop Jesus die beloftes waarmaak, is belangrik. Ons kan maar hierdie volgende formule onthou:

**Jesus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar sodat Hy vir ons die Abrahamsbeloftes kan waarmaak.**

Die skrywer van die boek Hebreërs in die Nuwe Testament vertel ons vir wie, en hoe, die Dawids- en Abrahamsbeloftes waargemaak word.

In hoofstuk 1 tot 5 word vir ons vertel hoe Jesus die Dawidsbelofte vir Homself waarmaak. In hoofstuk 7 tot 10 word vir ons vertel hoe Hy die Abrahamsbelofte vir óns waarmaak.

Kom ons kyk eers hoe die Bybel leer dat Hy die Dawidsbeloftes vir Homself waarmaak.

Die Dawidsbeloftes is beloftes vir net een persoon: een seun van Dawid. Die Dawidsbeloftes is die beloftes van koningskap, kerkbou en regering.

Kom ons lees Hebreërs 1 verse 2 tot 8:

*"maar nou, in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3] Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel. [4] Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God aan Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam. [5] immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader, "en ook: "Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees."? ... [8] Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat u reggeskied. .... Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote."*

In vers 5 tot 8 word die Dawidsbelofte uit die ou Testament aangehaal.

Kyk of julle die dele van hierdie belofte kan raaksien:

1. Die Vader-en-Seun-belofte.
2. Die altyd-en-bestendige-regerings-belofte.
3. Die Koningsbelofte.

Vir wie sê God hierdie beloftes toe? Vir wie is hulle waar?

Volgens vers 2 is dit aan Jesus Christus. Hierdie Dawidsbeloftes word deur die Vader aan Jesus Christus toegesê. Hy is die een Seun van Dawid wat hierdie beloftes ontvang. Daarom sê vers 2 ook dat Jesus erfgenaam van hierdie belofte is. Erfgenaam beteken Jesus kry dit.

Elke deel van die Dawidsbelofte is dus iets wat Jesus vir Homself verkry.

Kyk hoe stel vers 3 dit: Jesus het gaan sit aan die regterhand van God die Vader. Wie sit almal aan die regterhand van God? Dit is net Jesus Christus alleen. Hy is die koning wat vir Homself koningskap kry. Dit is iets wat hy vir Homself verkry het en wat die Vader aan Hom alleen gegee het.

Wat het Jesus gedoen dat Hy hierdie belofte kan kry?

Dit word beskryf in Hebreërs 5 verse 5 tot 8:

*"So het Christus Hom ook nie die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy gesê het: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader," [6] en op 'n ander plek sê Hy: Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek. [7]7 Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. [8] Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid was."*

Jesus het Homself aan die Vader se wil onderwerp. Ons het gesien dat die seun van Dawid gehoorsaam moet wees om die belofte te ontvang. Jesus is die Een wat

hierdie gehoorsaamheid doen. Hy het gedoen wat die Vader Hom beveel het. Hy het ook as mens geleer wat gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie van die Here beteken.

Ons het ook die snaakse deel van die Dawidsbelofte gesien: die Vader gaan sy Seun straf. Jesus is die Seun wat gely het, gestraf is en gekruisig is. Deur hierdie gehoorsaamheid aan die Vader, het Jesus vir Homself die Dawidsbelofte waargemaak.

Omdat Hy die Dawidsbelofte vir Homself waargemaak het, kan ons van Jesus Christus sê:

1. Hy is Here: Koning.
2. Hy het opgestaan uit die dood: Hy regeer vir altyd.
3. Hy het opgevaar na die hemel: dit is om die troon te ontvang.
4. Hy sit aan die regterhand van God: Hy regeer die Kerk.
5. Nét Hy is ’n seun van Dawid én God die Vader se eie Seun.

## 4. Jesus maak vir ons die Abrahamsbelofte waar

Jesus het vir Homself die Dawidsbeloftes waargemaak.

Nou is Hy Koning. Hy regeer die kerk aan die regterhand van God die Vader. Om Koning te wees, beteken om mag te hê. Wat doen Jesus met die mag wat Hy ontvang het?

Jesus gebruik sy mag om vir ons die Abrahamsbeloftes waar te maak.

Dit word uitvoerig in Hebreërs 8  tot 10 verkondig: Jesus maak vir ons die Abrahamsbeloftes waar. Kom ons kyk daarna!

### 4.1 Jesus se priesterdiens is om die Abrahamsbeloftes aan ons te bemiddel

*“6 Maar nou het Jesus ’n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van ’n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is.” ... : “10 Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: EK sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. 11 Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: “Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal, klein en groot sal My ken. 12 Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.” 13 Deur van ’n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud geword en uitgedien raak, sal gou verdwyn.”* (Heb. 8)

Hierdie is die bekende beloftes: die Abrahamsbeloftes.

Jesus word priester en Middelaar genoem. Sy priesterdiens aan ons is om al hierdie beloftes aan ons te bemiddel. “Bemiddel” beteken Hy maak hulle waar, en deel van ons lewe.

### 4.2 Jesus is die borg wat vir ons intree om deel van die beloftes te word

*“ [22] So het Jesus ook van ’n beter verbond borg geword ... 24 Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hý ’n priesterskap wat nie op ander oorgedra word nie. [25] Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.”* (Heb. 7)

“Intree” beteken Jesus staan in om die beloftes vir ons waar te maak, en deel van ons lewe te maak. Ons doen dit nie self nie. Hy tree in ons plek in om dit vír ons te doen. Hy is die waarborg vir God se eed. Nie ons nie.

**4.3 Jesus se priesterdiens maak God se beloftes vir ons weldade**

*“ [11] Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is ... [15] Daarom is Hy ook Middelaar van ’n nuwe verbond”* (Heb. 9)

As Jesus ’n belofte waarmaak, dan word dit vir ons ’n weldaad. “Weldaad” beteken dit is iets goed wat ons kry. Sy werk as Middelaar is om God se beloftes vir ons weldade te maak.

**5. <u>Opsomming</u>**

**Jesus maak die Dawidsbeloftes vir Homself waar, sodat Hy vir ons die Abrahamsbeloftes waar kan maak.**

**6. <u>Oefening</u>**

Lees net weer die les deur en kyk of jy in al die tekste die volgende
kan raaklees: 1. Jesus maak al God se beloftes waar
2. Die Dawidsbeloftes vir Homself, en die Abrahamsbeloftes vir ons.